

DIE GEDRAGSKODE

Die gedragkode dien as riglyn vir die optrede van leerders. 'n Parkie se gedrag kan dus gemeet word aan die mate waarin hy die skool se gedragkode onderskryf en respekteer.

Die gedragkode van 'n skool word verskans deur die Skolewet (Wet 84 van 1996 en die wysigings daarvan) en daar word verwag dat 'n leerder wat by die skool inskryf en sy ouers/voogde hulle vergewis van die skool se gedragkode en die bepalinge daarvan. Verder impliseer inskrywing by die skool dat die leerder en sy ouer/voog die gedragkode aanvaar en noudeset sal nakom. Indien 'n leerder die gedragkode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig teenoor hom opgetree word.

1. Toegerus

'n Ywerige Parkie sorg dat hy toegerus skool toe kom, met:

- die nodige skryfbehoeftes,
- sy werkplan en
- 'n seil- of leertas (minimum afmetings 40cm x 25cm), wat sy boeke sal beskerm.

'n Parkie het respek vir eiendom, daarom bring hy nie duur items, speelgoed, "walkmans", bandopnemers, -iPods, kameras ens. skool toe nie. Hy los nie sy tas of sak buite die klas nie (behalwe waar dit so vir hom aangewys word), aangesien dit sy verantwoordelikheid is om dit op te pas.

2. Voorkoms

'n Lojale Parkie dra die skool se klere en kleure met trots. Hy het respek vir homself en sy mede-Parkies en daarom

- kom hy die voorskrifte t.o.v. skoolrag en voorkoms stiptelik na.
- sorg hy dat hy absoluut korrek geklee is wanneer hy deelneem aan sport of wanneer hy byeenkomste bywoon om die skool en sy maats te ondersteun.

Respek verhoed dat 'n Parkie kougom kou wanneer hy in skooldrag geklee is.

3. Afwesigheid

Lojaliteit en integriteit vereis dat

- 'n Parkie slegs afwesig is weens siekte of 'n ander ernstige of dringende saak
- hy die eerste dag wat hy weer terug is by die skool, 'n brief van sy ouer/voog waarin die rede vir sy afwesigheid aangetoon word, by sy klasvoog inhandig
- indien hy 4 dae of meer afwesig is, hy 'n doktersertifikaat sal inhandig
- indien hy gedurende 'n geskeduleerde toets of eksamen afwesig is, hy 'n mediese sertifikaat sal inhandig om sodoende nie die punte te verloor nie
- hy self die skoolwerk wat hy a.g.v. sy afwesigheid gemis het, sal inhaal.

'n Leerder wat afwesig is sonder 'n geldige rede, maak hom skuldig aan skoolontduiking.

4. Laatkom vir skool/vierkant/klas

- Wanneer die eerste klok om 07:38 lui, beweeg 'n Parkie na die registerklas (op Maandae) of na die vierkant.
- Wanneer die tweede klok om 07:40 lui, staan hy reeds by sy registerklas of in sy graadblok in die vierkant aangetree, sodat daar met skriflesing en gebed geopen kan word. 'n Parkie het respek vir sy eie en ander se tyd. Daarom sal hy betyds wees.
- 'n Parkie wat laat kom vir skool, sorg dat sy ouer/voog die laatkombrief in sy werkplan teken, of hy bring 'n brief wat die rede vir die laatkom aandui wat deur sy ouer/voog onderteken is. Hy meld eers by die voorste kantoor én by sy klasvoog aan, voordat hy by die klas aansluit.
- 'n Parkie beweeg flink en vinnig tydens wisseling van een klas na 'n ander. Hy drentel of kuier nie rond nie en gaan nie tussen periodes badkamer toe nie, aangesien hy die beskikbare akademiese tyd ten volle wil benut. Wanneer die tweede klok vir wisseling lui, is hy dus reeds in sy volgende klas.

So bewys 'n Parkie sy integriteit deur afsprake met personeel na te kom en hy bly nie weg sonder dat hy die betrokke personeellid vooraf in kennis gestel het nie.

Ouers word gemaan om te sorg dat leerders betyds by die skool opdaag.

5. Gedrag tydens opening

'n Lojale Parkie is deel van sy **graadgroep** en staan tydens opening in die area wat vir hom so aangedui is.

Uit respek

- staan 'n Parkie tydens opening **nie met sy hande in sy sakke nie**
- kyk hy vorentoe en bepaal sy **aandag** by die verrigtinge
- **eet of drink hy nie** en hou hy hom nie met sy **selfoon, leerwerk** of ander dinge besig nie.

Sy gedrag in die vierkant en die saal sal **onberispelik** wees.

6. Akademie

'n Parkie kom sy akademiese verpligtinge pligsgetrou na en behou so die merietepunt wat deel vorm van kontinue evaluering. Hy

- doen sy **huiswerk** selfstandig en met ywer. Dit geld vir praktiese -, skriftelike -, sowel as leerwerk.
- vergeet nie sy boeke of werksopdragte en take tuis nie
- hanteer sy **werkplan** soos 'n handboek
- ontwrig nie die **klasroetine** nie
- sorg dat sy **selfoon** afgeskakel is
- **eet en drink nie** tydens 'n lesperiode nie.

'n Lojale Parkie sorg dat sy optrede nie sy maats die geleentheid ontnem om ten volle te baat by die onderrig/leerproses nie.

7. Netheid van die omgewing

Dit is vir 'n Parkie 'n saak van lojaliteit om sy **skoolterrein én sy klaskamer skoon en netjies** te hou.

- Wanneer dit sy klas se beurt is, verrig hy vriendelik en vrywillig die **terreindiens** in sy graadgroep se spesifieke area.
- Hy neem ook verantwoordelikheid om sy **klaskamer skoon en netjies** te hou.

8. Verbode terrein

'n Parkie sorg dat hy weet watter deel van die terrein aan sy betrokke graadgroep toegeken is. Hy vermy die ander graadgroepe se terrein. Die volgende is verbode terrein:

- **klasse, saal en stoepe** tydens pouses
- die kafeteria en omgewing in die ooggende **voor skool**
- die **kafeteria** tydens klastyd vir graad 8 -11. Slegs die graad 12-leerders het die voorreg om tydens toesigperiodes die kafeteria te besoek.

9. Beskadiging van eiendom

'n Parkie respekteer sy eie en ander se eiendom en daarom

- krap hy nie op **banke, stoele, mure, of tasse nie**
- plaas hy nooit sy tas bo-op sy **skoolbank** nie, aangesien dit die bank beskadig.

'n Leerder en sy ouers/voogde neem ook verantwoordelikheid vir skool- en ander leerders se eiendom wat **per ongeluk** deur die leerder beskadig is.

10. Taalgebruik

'n Parkie toon sy respek teenoor almal wat met hom te doen kry deur te let op sy taalgebruik. **Kru- en onweloweglike taal** word nie deur 'n Parkie gebruik nie. Hy toon sy **welwillendheid** deur almal wat hy teëkom, vriendelik te groet.

11. Klasontduik/klasverlaat

'n Ywerige Parkie

- doen pouse wat nodig is, sodat hy/sy nie tydens klas die kamer moet verlaat nie
- loop nie met allerhande voorwendsels tydens lestyd rond nie
- is nie afwesig van klas of verlaat 'n klas **sonder die toestemming van die betrokke onderwyser nie**
- sorg dat hy luister wanneer daar **toesig** gereël word (**toesigklas** is 'n akademiese periode waartydens hy hom met skoolwerk besig hou). Elke Parkie het onderwysers waarheen hy vir toesig gaan. Sy integriteit verseker dat hy sy **toesigpersoneel** se name en klaskamers ken en dat hy wel by hierdie personeel aannemend wanneer een van sy personeel afwesig is. 'n Parkie (gr 8 - 11) gaan nie tydens sy toesigperiode na die **kafeteria** toe nie.
- 'n Parkie wat siek word by die skool, kan slegs by die **graadvoog** toestemming ontvang om in die siekekamer te gaan lê totdat sy ouers hom kan kom haal. Die graadvoog sal dit in die leerder se **werkplan** aanteken.

12. Selfone

'n Parkie se integriteit en respek vir ander laat hom nie toe om sy selfoon **tydens skooltyd** te gebruik nie.

- **Tydens klas en tussen periodes** is 'n Parkie se selfoon in **alle opsigte onaktief** en weggebêre.
- Hy loop dus nie daarmee in sy hand of sit daarmee op sy skoot nie.
- Die selfoon van 'n Parkie moet **voor opening** vir die duur van die skooldag afgeskakel wees en mag slegs tydens **pouse** aangeskakel en gebruik word.

Die oortreding van hierdie reël sal **konfiskering** en 'n **heffing** tot gevolg hê.

13. Rook/In die teenwoordigheid van rokers

'n Parkie bewys sy integriteit en lojaliteit deur

- nie in **skooldrag**, op die **skoolterrein** of by **skoolfunksies** te rook nie
- nie vuurhoutjies, tabak of sigarette skool toe te bring of in sy besit te hê nie
- en omdat hy dit nie goedkeur dat sy vriende hulle eie en sy **gesondheid** benadeel nie, sal hy ook nie in die teenwoordigheid van iemand wat rook wees nie. 'n Leeder wat binne 'n **5 meter radius** van 'n roker is, word beskou as in die teenwoordigheid van rokers te wees. Die oortreding van hierdie reël sal onder andere 'n **heffing** en **koelkas/gemeenskapsdiens** tot gevolg hê.

14. Verlaat van skoolterrein

'n Parkie het integriteit en weet hy kan die skoolterrein tussen 7:30 en 14:00 slegs met die **toestemming van die graadvoog** verlaat - selfs as sy ouer hom by die skool kom haal. Aangesien die skool verantwoordelikheid neem vir die veiligheid van die leerders, word ouers versoek om die uittekenprosedures te volg.

Indien die graadvoog/hulpgraadvoog afwesig of nie beskikbaar is nie, word toestemming deur een van die **adjunkhoofde** verleen. Indien 'n Parkie die skoolterrein moet verlaat,

- bring hy, sover moontlik, reeds die **vorige dag** 'n brief van sy ouer/voog waarin die rede verstrekkend word en sorg hy dat die uitteketabel in die werkplan volledig ingevul en geteken is
- kry hy **direk na opening**, voor voogperiode, toestemming by die graadvoog, wat sy werkplan sal teken
- neem hy self sy werkplan na die res van sy personeel waar klasse gemis word, om uit te teken

'n Ywerige Parkie poog om, waar moontlik, **geen dokters- of ander afsprake** tydens skoolure te maak nie, aangesien hy nie werk wil mis wat later weer met moeite ingehaal moet word nie. Die vroegste wat 'n leerling van die skool mag vertrek om 'n afspraak vir 'n bestuurslisensie na te kom, is om 12:30. 'n Parkie ontvang net 'n sertifikaat vir **getroue skoolbesoek** indien hy elke dag by die skool was en nooit stokkiesgedraai het nie.

Tydens skoolure is die Parkies die skool se verantwoordelikheid. Integriteit dwing 'n Parkie wat tydens skoolure **beseer** word, om dit dadelik by die kantoor aan te meld.

Koshuisleerders moet toestemming van die graadvoog én die koshuisvader of -moeder verkry om die skoolterrein om watter rede ook al, te verlaat.

15. Eerlikheid

Integriteit dwing 'n Parkie om te alle tye eerlik te wees. Hy sal homself dus weerhou daarvan om

- **handtekeninge** na te maak
- 'n **vals naam** op te gee
- **huiswerk** of **assesseringsopdragte** af te skryf en as sy eie aan te bied
- oneerlik te wees in **toetse** of **eksamens**
- **valse verklarings** af te lê.

'n Ware Parkie maak hom nie skuldig aan **bedrog** van enige aard nie.

'n Parkie se lojaliteit dwing hom om **inligting** wat nodig is vir die **veiligheid** van ander, of vir die goeie orde en dissipline van die skool onmiddellik bekend te maak. Indien nodig, kan sodanige verskaffing van inligting in kamera geskied (Wet 50 van 2002).

16. Ordereëlins en skoolroetine

'n Parkie se integriteit en respek dwing hom om

- wanneer hy in die **klas** kom, dadelik sy boeke uit te haal, sy tas netjies onder sy stoel te plaas en te gaan sit sodra die onderwyser die klas gegroet het
- te luister na die **afkondigings** voor skool, pouse en aan die einde van die skooldag
- eers die klas te verlaat nadat daar om 14:00 oor die **interkom afgesluit** is en die onderwyser die klas verdaag het
- nie **oproepe van die voorste kantoor** af te maak nie en te sorg dat hy wel m.b.v. sy selfoon of 'n telefoonkaart van die skool af kan bel indien nodig.

- die **mediasentrum** slegs gedurende pouse en na skool en nie tydens klastyd nie, te besoek
- nie met sy **fiets, motorfiets of motor** op die skoolterrein te ry nie

‘n Parkie maak homself nie skuldig aan **staking, massaoptrede of ontgroening** nie. Sulke optrede word ter wille van almal se veiligheid ten strengste deur die **Skolewet** verbied.

17. Kommunikasie met ouers

‘n Parkie met integriteit oorhandig getrou alle **omsendbriewe of ander kommunikasie** van die skool aan sy ouer/voog. Indien daar ‘n **skeurbriefie** is, word dit so gou moontlik, verkieslik die volgende dag, aan die klasvoog terugbesorg.

- **Drie keer per jaar** word ‘n Parkie se ouers oor sy akademiese vordering ingelig wanneer ‘n **rapport** aan die ouers gestuur word.
- **Opvoedkundige verslae** wat die ouers inlig oor sy gedrag, word deur die jaar op vasgestelde datums (sien die werkplan) uitgestuur.
- Daar is twee oop **oueraande**, asook ‘n geleentheid in die derde kwartaal waarheen spesifieke ouers uitgenooi word.
- Aangesien daar ook via **sms’e** met ouers gekommunikeer sal word, word ouers gemaan om seker te maak dat hulle die skool te alle tye van hul **selfoonnommers** en veranderinge in die verband inlig.

‘n Parkie se ouers word uitgenooi om enige probleme via die **klasvoog of die graadvoog** met die skool te kommunikeer.

18. Buite-kurrikulêre aktiwiteite

‘n Lojale Parkie hou hom by die bepalings van die skool se gedragskode, selfs waar hy by **aktiwiteite na skool** of by ander skole betrokke is.

‘n Parkie bring sy kant met ywer deur by **verskeie aktiwiteite** van die skool betrokke te raak. Elke **sportakademie** en buitemuurse aktiwiteit beskik oor ‘n geskrewe konstitusie wat die gedragskode ondersteun. ‘n Parkie wat aan enige skoolaktiwiteit deelneem, onderskryf hierdie konstitusie.

‘n Parkie is ‘n **ambassadeur** vir sy skool. Sy gedrag in en buite die klas getuig van sy begeerte om deel te wees van die skool en daarom tree hy altyd beleefd, vriendelik en met respek op.

19. Koshuise

Die gedragskode van die skool geld ook vir die koshuise. Die koshuise beskik ook oor interne en spesifieke reëls. Ouers/voogde van koshuisleerders onderneem om hulle te vergewis van sodanige reëls en daarby te hou.

20. Skedule 2-oortredings

‘n Parkie met integriteit maak hom nie skuldig aan die volgende gedrag nie:

- minagting van tugmaatreëls
- die gebruik/besit van verbode middels, bv tabak, alkoholie drank en dwelmmiddels
- bakleery/aanranding
- die besit van ‘n gevaarlike wapen
- seksuele wangedrag/molestering
- verbale geweld/vernedering/afdreiging
- die besit van pornografiese materiaal van enige aard (ook op selfoon of rekenaar)
- diefstal/ die besit van gesteelde goedere
- massa-optrede/ontwrigtende optrede/staking
- oneerlikheid in toetse en eksamens
- opsetlike saakbeskadiging/vandalisme
- satanisme

Die hoof of die beheerliggaam kan te enige tyd addisionele huishoudelike reëls neerlê.

21. Gesagstrukture

‘n Parkie erken en respekteer die **gesagstrukture** van die skool, soos die beheerliggaam, die Parkieraad (VLR), die matriekraad, die sportkapteine, die akademiehoofde en die personeel.

Daar is drie gesagstrukture wat dissiplinêre probleme hanteer, naamlik die Parkieraad (Verteenwoordigende Leerderraad - VLR) se dissiplinêre Raad, die interne tugraad en die beheerliggaam se dissiplinêre komitee.

Die **Parkieraad se dissiplinêre raad** hanteer alle oortredings waarvoor 10 - 30 strafpunte aangeteken word.

Die interne tugraad hanteer alle oortredings waarvoor 50 - 200 strafpunte aangeteken word. Indien die interne tugraad dit nodig ag, sal ‘n saak na die beheerliggaam se dissiplinêre komitee verwys word. Alle oortredings van 300+ punte het ook strafregtelike implikasies en sal as sodanig hanteer word.

22. AKADEEMIESE OORTREDINGS

Alhoewel oortredings van akademiese aard nie deel vorm van die strafpunte-stelsel nie, word daar voorsiening gemaak vir die aanmelding daarvan op die dissiplinêre strokie. Ouers kan dus op die opvoedkundige verslag ook sien watter akademiese oortredings deur personeel aangemeld is, bv:

- 40 Huiswerk herhaaldelik nie gedoen nie
- 41 Huiswerk nie gedoen / in die klas gereed nie
- 42 Leermateriaal nie in die klas nie
- 43 Laatkom vir klas
- 44 Verontagsaam sperdatums by herhaling
- 45 Daag nie op vir ekstra klas-afspraak nie
- 46 Versuim om toetse ens, geteken in te handig

Die vakonderwyser is verantwoordelik vir die hantering van oortredings van akademiese aard. Hy kan remediërende strafwerk, pousebesintyd, middagbesintyd, of ander remediërende maatreëls instel. Hy kan ook die ouers/voogde van die leerder kontak sodat die saak aangespreek en probleme opgelos kan word.

OPTREDE IN GEVAL VAN OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE

‘n Parkie besef dat onaanvaarbare optrede altyd gevolge inhou. Tug word as opvoedkundige hulpverlening beskou en het altyd die voordeel en welsyn van die Parkies, die skool en die gemeenskap ten doel. Dit beskerm hierdie verskillende rolspelers in ons skoolgemeenskap. Om probleme vroegtydig raak te sien, dit aan te spreek, en verbetering te monitor, is dit nodig om rekord te hou. By die skool geskied dit deur die dissiplinêre kontrolestelsel.

Oortredings word aangeteken op ‘n dissiplinêre strokie en gekonsolideer. Strafpunte is kumulatief en bly op rekord.

Leerders begin elke nuwe skooljaar met ‘n skoon punterekord. Die hoof van dissipline het egter die reg om die opgeskorte punte van die vorige jaar weer in te stel, indien ‘n leerder se gedrag in die nuwe skooljaar nie ingrypende verbetering toon nie. Dit beteken dat koelkassessies van die vorige jaar ingehaal sal moet word in die nuwe skooljaar.

Kode	Oortreding	Punte
001	Rommelstrooi	10
002	Pligsversuim in voogperiode (skeurstrokies, verslae, klaspligte)	20
003	Kleredrag en voorkoms	20
004	Wangedrag tydens opening	20
005	Onaanvaarbare fisiese kontak tussen leerders (vryery)	20
006	Laatkom vir skool	30
007	Wangebruik van apparaat en programmatuur soos rekenaars	30
008	Klasontwrigting	30
009	Onweloweglike taalgebruik	30
010	Versuim om verpligte skoolfunksies by te woon/ Verbreking van verbintenis om ‘n skoolaktiwiteit te ondersteun.	30
011	Verbode terrein	50
012	Klasontduik: nie-akademies (bv. opening, waardeperiode, sang)	50
013	Klasontduik: toesigklas	50
014	Oneerlikheid	50
015	Wangebruik van selfoon / iPod	50
016	Klasontduik: akademies	100
017	Verlaat skoolterrein sonder toestemming / sonder om uit te teken	100
018	Skoolontduik (per dag)	100
019	In die teenwoordigheid van rokers	100
020	Rook of in die besit van tabakprodukte / aanstekers / vuurhoutjies	200
021	Oneerlikheid in toetse, eksamens en assesseringsopdragte	200
022	Minagting van tugmaatreëls (bv. daag nie op vir koelkas nie)	200
023	Ontwrigting van skoolroetine (bv. staking)	300
024	Baklei / fisiese geweld	300
025	Verbale geweld (aantasting van menswaardigheid, vernedering, teistering)	300
026	Diefstal / in besit van gesteelde goedere	300
027	In besit van of onder die invloed van alkohol / dwelms	300
028	Seksuele wangedrag / molestering	300
029	In besit van pornografiese materiaal van enige aard	300
030	In besit van ‘n gevaarlike wapen	300
031	Vandalisme / graffiti	300

- a. Wanneer ‘n leerder 200 debietpunte het, word ‘n eerste skriftelike waarskuwing uitgereik.
- b. Wanneer ‘n leerder 300 debietpunte het, word ‘n tweede skriftelike waarskuwing uitgereik.
- c. Wanneer ‘n leerder 400 debietpunte het, word ‘n derde en finale skriftelike waarskuwing uitgereik.
- d. Na ‘n finale waarskuwing word ‘n interne tugverhoor gehou.
- e. Alhoewel die punte elke jaar **voorwaardelik opgeskort word**, verval tweede en derde waarskuwings nie en bly dit van krag.

Sanksies wat vir oortredings opgelê word:

- Pousebesintyd
- Middagbesintyd
- Vrydag- en Woensdagkoelkas 14:15 - 16:00
- Gemeenskapsdiens tydens/ na skool
- Instandhouding van skoolterrein
- Die ontneming van voorregte soos deelname aan die skool se aktiwiteite, die dra van skooldrag, klasbywoning, bloktyd en funksies soos die Parkiebal en die matriekafskeid.
- Leerders wie se voorkoms nie na wense is nie, sal eers weer tot klasbywoning toegelaat word indien die probleem reggestel is.
- Oortredings van 400 en meer punte impliseer 'n onmiddellike tugverhoor.
- Leerders wat nie die gedragskode van die skool onderhou nie, kan die voorreg verbeur om hulself verkiesbaar te stel vir die leierstrukture van die skool, soos die Matriekraad, Parkieraad, rasielers en dirigente
- Opskorting van vorige jaar se strafpunte waarna die middagbesintyd gepaardgaande hiermee, weer ingehaal sal moet word.
- Enige ander optrede soos deur die drie gesagstrukture van die skool bepaal.

Die moontlikheid van ernstige sanksionering soos bv. die weerhouding van die voorreg om die matriekafskeid by te woon, sal vroegtydig en deurlopend in dissiplinêre skrywes aan ouers gekommunikeer word, namate die leerder punte in die stelsel akkumuleer. Ernstige sanksionering is die uiteinde van 'n proses, en is 'n funksie van die interne tugraad of die beheerliggaam se dissiplinêre komitee

Koelkas

- Indien 'n leerder 100 debietpunte versamel het, moet hy vir die koelkassessie aanmeld. Die sessie vind plaas van 14:15 tot 16:00 in die klas soos in die Werkplan geskeduleer.
- Probleme met die bywoon van koelkas moet vóór die betrokke dag met die graadvoog bespreek word. Uitstel sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word.
- Indien 'n leerder nie opdaag vir koelkas nie, maak hy hom onmiddellik skuldig aan oortreding 022 (minagting van tugmaatreëls).

Vir sekere oortredings word daar die volgende skutfooie/heffings verhaal:

- **Foutiewe kleredrag, soos truie, serpe en kouse wat verkeerd gedra word, en juwele word gekonfiskeer. Skutfooie R10 per item**
Gekonfiskeerde items kan (met die betaling van die nodige skutfooie) op die eerste Vrydagmiddag na die verstryking van 7 dae na konfiskering by me E Claassen (A 201) afgehaal word. Skutfooie is NIE terugbetaalbaar nie.
- **Wangebruik van selfoon (simkaart word gekonfiskeer): Heffing R50**
Die betrokke heffing moet binne 7 dae by die finansiële kantoor inbetaal word, ongeag of die leerder nog die simkaart wil hê of nie. 'n Gekonfiskeerde simkaart kan met die toon van die kwitansie by die dissipline-kantoor afgehaal word om 14:05 op die eerste Vrydagmiddag ná konfiskering.
- **Rook op skoolterrein en in skooldrag buite die skoolterrein: Heffing R200**
(In terme van die Wet op Beheer van Tabakprodukte 1999)

Terwyl die skool en personeel alle redelike maatreëls sal implementeer om die veilige bewaring van gekonfiskeerde items te verseker, sal geen verantwoordelikheid daarvoor aanvaar word nie, hetsy t.o.v. diefstal of beskadiging van sodanige item.

Tydlike skorsing of permanente uitsetting

Ernstige minagting van die skool se gedragskode kan 'n dissiplinêre verhoor tot gevolg hê. Laasgenoemde kan dan lei tot tydelike skorsing of aanbeveling van permanente uitsetting.

Indien 'n leerder skuldig bevind word aan 'n **kriminele oortreding** kan dit lei tot aanbeveling van permanente uitsetting.

Die **uitstel van tugverhore** en dissiplinêre verhore is teenproduktief en verhoog spanning by alle partye. Dit moet vermy word en sal nie onbepaald uitgestel word nie.

Tydens dissiplinêre verhore sal leerders wat as getuies optree en wat vrees vir intimidasie, toegelaat word om in kamera te getuig.